Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V1

2021

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 In die Afrika Tradisionele Godsdiens is ubuntu …

A 'n dag wat vir gemeenskaplike aanbidding gebruik word.
B die toon van respek en empatie vir die medemens.
C tradisionele drag.
D 'n woord wat 'mense met 'n Afrika-oorsprong' beteken. (1)

1.1.2 Volgens die Christelike kalender …

A is Pinkster 'n viering van die koms van die Heilige Gees.
B is Pinkster 'n viering van die verjaarsdag van die kerk.
C word Pinkster vyftig dae na Paasfees gevier.
D Al die bogenoemde (1)

1.1.3 Watter EEN van die volgende word NIE met die Bahá'i-geloof geassosieer NIE?

ÉcoleBooks

A Die Bab
B Bahá'u'lláh
C Tikkun Olam
D Kitáb-i-Aqdas (1)

1.1.4 'n Benadering wat nie God se bestaan verwerp nie, maar dit bloot ignoreer:

A Dwaalleer/Kettery
B Ateïsme
C Materialisme
D Nie-teïsme (1)

1.1.5 In Hindoeïsme verwys samsara na …

A reïnkarnasie.
B 'n godheid.
C 'n ritueel.
D 'n held in die Bhagavad-epos. (1)

1.1.6 Tibettaanse Boeddhisme glo aan …

A 'n godedom van Boeddhas.
B Bodhisattvas.
C Dharma-beskermers.
D Al die bogenoemde (1)

1.1.7 Die lyding van Jesus Christus verwys na …

A sy geboorte.
B sy opstanding.
C sy lyding en dood deur kruisiging.
D sy hemelvaart. (1)

1.1.8 Die wêreldhoofkwartier van die Bahá'i-geloof is in …

A Istanbul, Turkye.
B Haifa, Israel.
C Kaïro, Egipte.
D Jerusalem, Israel. (1)

1.1.9 'n Persoon wat sy/haar oortuigings tot uitsluiting van alle ander aanprys (propageer), kan as … beskryf word.

A 'n avatar
B 'n leier
C 'n ideoloog
D aantreklik (1)

1.1.10 Watter van die volgende druk NIE 'n eendersheid/ooreenkoms uit NIE?

ÉcoleBooks

A Pluralisme en inklusiwisme
B Sekularisme en humanisme
C Eksklusiwisme en fundamentalisme
D Sinkretisme en fanatisme (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die Sangha is die groep monnike en nonne wat in die …-vertakking van Boeddhisme gevind word. (1)

1.2.2 In Hindoeïsme verwys die Ashramas na die vier … (1)

1.2.3 'Alle mense word vry, met gelyke waardigheid en regte, gebore' is 'n aanhaling uit die … (1)

1.2.4 Wanneer 'n dooie mens weer lewendig gemaak word, staan dit as … bekend. (1)

1.2.5 Elke handeling het 'n uitwerking op die toestand van die siel en is 'n kans om moksha te bekom. Dit is die wet van … (1)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.3 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.3.1 Nasarener; Sionis; Kwaker; Etiopiër (2)

1.3.2 Monoteïsme; Politeïsme; Ateïsme; Teïsme (2)

1.3.3 Brahmaan; Bodhisattva; Lama; Boeddha (2)

1.3.4 Psalms; Mites; Gelykenisse; Legendes (2)

1.3.5 Hadj; Salat; Zakat; Sudras (2)

1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Kanon	A	'n ritueel waar jy met God in aanraking kom deur meditasie, kantillering ('chant') en draaiende dansbewegings
1.4.2	Taoïs	B	'n wyse persoon van die Oosterse godsdienste
1.4.3	Zikr	C	die gesaghebbende versameling van heilige geskrifte van 'n godsdiens, dikwels as goddelik geïnspireerd beskou
1.4.4	Ortodoks	D	daar is geen plan of doel met die skepping nie
1.4.5	Afrika-geïnisieerde Kerke	E	'n voorbeeld van inklusiwisme
		F	'n voorbeeld van sinkretisme
		G	beskryf iemand wat streng by die tradisies van 'n godsdiens hou

(5 x 1) (5)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.5.1 Die sterrekundige, Copernicus, het 'n godsdienstige omwenteling veroorsaak toe hy 'n geosentriese siening van die wêreld voorgestel het. (2)

1.5.2 Die onderafdeling van Smartisme in Hindoeïsme verklaar dat alle paaie na die bron van alle bestaan, die een God, lei. (2)

1.5.3 Die interpretasie van die heilige tekste van 'n godsdiens word pluralisme genoem. (2)

1.5.4 Volgens die Christelike godsdiens verrys die siele van goeie mense na hulle voorvaders toe. (2)

1.5.5 Die *Communist Manifesto* is deur Karl Marx en Shankara geskryf. (2)

1.6 Skryf TWEE feite oor ELK van die volgende, in die konteks van godsdiens:

1.6.1 Die Goue Reël (2)

1.6.2 Pelgrimstog (2)

1.6.3 Jahweh (2)

1.6.4 Voorvader (2)

1.6.5 Menseregte (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die betekenis van die volgende terme, in die konteks van godsdiens:

2.1.1 Kerkverband (2)

2.1.2 Godheid (2)

2.1.3 Dharma (2)

2.1.4 Nagmaal (2)

2.1.5 Dogma (2)

2.1.6 Vergelykbaarheid (2)

2.2 Noem TWEE unieke kenmerke met betrekking tot die oortuigings van die volgende godsdienste:

2.2.1 Judaïsme (4)

ÉcoleBooks

2.2.2 Die Christelike godsdiens (4)

2.2.3 Islam (4)

2.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

UNIEK ONTMOET UNIEK WANNEER DIE CHRISTELIKE GODSDIENS HINDOEÏSME ONTMOET

Agtergrond
Die moderne verhouding tussen Hindoes en Christene het begin toe Brittanje Indië in die 18de eeu gekoloniseer het en die grootste deel van die Indiese subkontinent deel van die Britse Ryk geword het. Die Britse houvas op Indië het egter teen die Tweede Wêreldoorlog verswak. Indië was in 1948 die eerste kolonie om van Brittanje onafhanklik te word.

Sendelingaktiwiteit
In Indië; soos in al die Britse kolonies, was daar baie Christen-sendingaktiwiteite. Dit was omdat die Christen-sendelinge materiaal en finansiële ondersteuning by die Britse Ryk gekry het.

Christen-sendelinge het dit egter moeilik gevind as gevolg van die fundamentele verskille tussen die twee godsdienste.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12 Learner's Book*]

2.3.1 Die Christelike godsdiens en Hindoeïsme stem miskien ooreen wat 'n geloof in die hiernamaals betref, maar elkeen het hulle unieke oortuigings daaroor.

Gebruik hierdie stelling om tussen die terme *eenheid* en *uniek* te onderskei. (4)

2.3.2 Tabuleer die geloofsverskille tussen *Hindoeïsme* en die *Christelike godsdiens*. (12)

2.3.3 Noem DRIE maniere waarop Swami Vivekananda intergodsdienstige verhoudinge tussen Hindoeïsme en die Westerse wêreld bevorder het. (6)

2.3.4 Verduidelik wat met *godsdienstige kolonisasie* bedoel word. (4)
[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 3

3.1 Die bronne hieronder handel albei oor die Uyghur-Moslemgemeenskap in die Xinjiang-provinsie in China. Bestudeer die bronne en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

DIE 'HEROPVOEDING' VAN UYGHUR-MOSLEMS IN CHINA

Die Chinese regering tree sedert minstens 2009 baie streng teen Uyghur-Moslems op. Hulle het in 2014 nog meer bedrywig geword ten opsigte van polisiesoektogte en monitering van die Uyghur. Boeke en literatuur oor die Uyghur-kultuur, bidmatte, tulbande en baardgroei word alles verbied.

Die regering het nog altyd die bestaan van 'heropvoeding'-kampe ontken, maar foto's wat uit die ruimte geneem is, bevestig dat ten minste 85 sulke kampe bestaan.

Minstens 10 000 kinders is uit hulle huise weggeneem en in voorskoolse gevangeniskampe geplaas om hulle erfenis uit hulle breine uit te wis.

Internasionale oproepe vir 'n boikot teen goedere uit Xinjiang groei.

[Aangepas uit https://www.dailybulletin.com/2020/09/18/professing-faith-the-reeducation-of-uyghur-muslims-in-china/]

ÉcoleBooks

BRON B

INDIENSNEMING EN ARBEIDSREGTE IN XINJIANG

In 'n beleidsdokument wat in September 2020 uitgereik is, het die regerende Chinese Kommunisteparty ('CCP') onthul dat hulle tussen 2014 en 2019 meer as 1,29 miljoen mense in heropvoedingskampe in die Uyghur-gedomineerde provinsie Xinjiang geplaas het. Die Chinese regering het die beleidsdokument in Engels, Duits, Frans en Arabies vertaal.

Die beleidsdokument beskryf heropvoeding-kampe as 'beroepsopleiding-sentrums'. Die dokument beskryf Uyghur-Moslems as 'terroriste' wat die moderne wetenskap as gevolg van godsdienstige dogmatisme verwerp. Die Chinese regering sê voorts dat 'terroriste, separatiste en godsdienstige ekstremiste al lankal verkondig dat godsdienstige leringe bo regeringswette verhewe is', wat die publiek aanhits om die aanleer van die standaard Chinese taal teen te staan, om die moderne wetenskap te verwerp, en om te weier om hulle beroepsvaardighede te verbeter.

[Aangepas uit https://www.opindia.com/2020/09/china-whitepaper-uyghur-muslims-and-their-re-education/]

3.1.1 Waarom word 'heropvoeding' in BRON A tussen aanhalingstekens geskryf? (2)

3.1.2 Identifiseer EEN voorbeeld van vooroordeel in BRON A en verduidelik waarom jy dit as vooroordeel beskou. (4)

3.1.3 Wat beteken *heropvoeding* in BRON B? (2)

3.1.4 Wat beteken *aanhits* in BRON B? (2)

3.1.5 Watter bewyse is daar dat godsdienstige vryheid in die Xinjiang-provinsie beperk word? (4)

3.1.6 Dit is ongewoon dat 'n regeringbeleidsdokument in vreemde tale vertaal word. Waarom, dink jy, het die Chinese regering dit gedoen? Gee TWEE moontlike redes. (4)

3.1.7 Lewer kommentaar op die gebruik van die term *terroriste* in BRON B. (4)

3.1.8 Watter redes gee die 'CPP' vir die bestaan van die kampe? (6)

3.1.9 Lewer kommentaar op die akkuraatheid van ELKE bron. Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (8)

3.2 Noem DRIE strategieë of taktieke wat die media gebruik om mense se menings te beïnvloed. (6)

3.3 Dink jy daar is regverdige mediadekking van godsdienste in Suid-Afrika? Gee redes vir jou antwoord. (8)
[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 4

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Wat word met *godsdienstige verdraagsaamheid* bedoel? (4)

4.1.2 Verduidelik die verskille tussen hoe *godsdienstige verdraagsaamheid* in *Westerse* en *Oosterse* samelewings verstaan word. (6)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE SPAANSE INKWISISIE

Die Spaanse Inkwisisie was 'n geregshof wat in 1478 in Spanje ingestel is. Dit was gekoppel aan 'n tak van die Katolieke Kerk wat 'Die Heilige Kantoor van die Inkwisisie teen Kettery' genoem is. Die doel daarvan was om Katolieke oortuigings en praktyke suiwer te hou deur mense te vervolg wat nie 'n ortodokse weg gevolg het nie.

Die hof het deels ontstaan om te verseker dat bekeerlinge uit Judaïsme en Islam na Katolisisme totaal bekeer was en nie steeds hulle voormalige godsdienste in die geheim beoefen het nie. Indien daar bevind is dat hulle dit gedoen het, is hulle deur die Spaanse Inkwisisie verhoor.

'n Interessante aspek van die Inkwisisie was 'beslegting deur vuur' – die idee dat indien 'n persoon onskuldig was, God hom/haar sou red wanneer hy/sy aan 'n dodelike situasie, soos om op die brandstapel verbrand te word, blootgestel sou word. As die persoon egter sou sterf, is dit as 'bewys' geneem dat hy/sy skuldig was.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12 Learner's Book*]

4.2.1 Gee DRIE redes vir die instelling van die Spaanse Inkwisisie. (6)

4.2.2 Dink jy die bekeerlinge het godsdiensvryheid gehad? Gee redes vir jou antwoord. (6)

4.2.3 Soos met die Spaanse Inkwisisie is daar ander gevalle waar menseregtemisbruike in die naam van godsdiens gepleeg is. Gee TWEE voorbeelde hiervan. (4)

4.3 Hoe word godsdiensvryheid in Suid-Afrika ondersteun? (12)

4.4 Gee TWEE godsdienstige leringe wat ELK van die waardes hieronder gegee, ondersteun. Jy kan die leringe kies uit enige van die godsdienste wat jy bestudeer het.

4.4.1 Vrede (4)

4.4.2 Waardigheid (4)

4.4.3 Gelykheid (4)

[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INTERGODSDIENSTIGE VERHOUDINGE

Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP') glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense uit verskillende rasse, klasse en kulture rondom 'n gemeenskaplike doelwit saam te bring. Dit is omdat godsdienste regdeur die wêreld uit groot, goed georganiseerde gemeenskappe bestaan wat daartoe verbind is om diegene in nood te help.

[Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*]

5.1 Bespreek VIER maniere waarop intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrikaanse skole bevorder word. (8)

5.2 Sou jy sê dat daar goeie intergodsdienstige verhoudinge in die huidige Suid-Afrika is? Gee redes vir jou mening. (8)

5.3 Suid-Afrika is 'n sekulêre land en tog ook baie godsdienstig.

Verduidelik hierdie stelling. (10)

ÉcoleBooks

5.4 Noem DRIE prestasies van ELK van die volgende Afrika-organisasies:

5.4.1 Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika ('PROCMURA') (6)

5.4.2 Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) (6)

5.4.3 Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Religions for Peace ('ACRL'-RfP) (6)

5.5 Skryf DRIE beginsels van die Handves vir Barmhartigheid neer. (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM